Verwysing: 20170302-8782
13/7/1/2
Navrae: AB Jantjies

Assesseringsbestuursminuut: 0004/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Eksamenriglyne vir 2017 graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het eksamenriglyne ontwikkel in 'n poging om onderwysers en leerders met hul voorbereiding vir die 2017 NSS-eksamen by te staan.

2. Die 2017 NSS-eksamenriglyne het geen groot implikasies vir onderrig en leer nie en affekteer nie die inhoud nie, soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV).

3. Die 2017 NSS-eksamenriglyne stel beleidsfoute reg wat in die 2014-eksamenriglyne geïdentifiseer is, verskaf inligting oor die finale NSS-eksamen en moet saam met die KABV vir elke vak gebruik word.

4. Die 2017 NSS-eksamenriglyne is vir alle vakke beskikbaar, behalwe Elektriese Tegnologie en Siviele Tegnologie waar hierdie riglyne nie nodig is nie.

5. Die riglyne is op die webwerf van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) Verdere Onderwys- en Opleidings- (VOO-) assessering, http://www.wcedcurriculum.westerncape.gov.za/, beskikbaar en toegang daartoe kan soos volg verkry word:

- Gebruik die muis om die merker oor "Assessment Management" te beweeg en kliek op "FET Assessment".
- Kliek op "Downloads" aan die linkerkant.
- Kliek op die "2017 NSC Examination Guideline"-lêer.

6. Prinsipale word versoek om hierdie inligting onder die aandag van alle graad 12-onderwysers en -leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-03-12